# HOOFSTUK 2

# EPISTEMOLOGIESE VERTREKPUNTE

In hierdie afdeling beskryf die navorser sy navorsingsparadigma wat die breë konseptuele konteks van hierdie navorsingsprojek sal vorm. Hoe ek as navorser myself wetenskaplik, filosofies en teologies posisioneer sal ’n groot invloed hê op die navorsingsprosedures en resultate.

## 2.1 INLEIDING

Die term *epistemologie* behels gelyktydig die vraag *hoe* en *wat* ’n mens dink, waarneem en besluit (Dill 1996:6). Keeney (1983:17) wys op die dubbele betekenis van epistemologie, naamlik dat die hoe en die wat van die wetenskap onskeidbaar is. Hy sê: “*… to indicate **how** one thinks, perceives, and decides, and **what** one thinks, perceives, and decides*”. Kotzé (1992:4) se samevatting is volgens my gepas as hy sê dat die *hoe* en die *wat* van kennis in rekursiewe relasie tot mekaar staan. Anders gestel, die aannames ten opsigte van *hoe* geweet word, beïnvloed *wat* geweet word. Hierteenoor beïnvloed *wat* geweet word, weer die *hoe* daarvan. Die term *epistemologie* is volgens Mouton (1998:4) afgelei van die Griekse woord vir kennis, naamlik ‘*epistemè’*. Vandaar dat die bestudering van menslike kennis epistemologie of kenteorie genoem word.

Ten einde die navorser se wetenskapsbeskouing en epistemologiese vertrekpunte te begrond, word die begrippe kwalitatiewe navorsing, modernisme en postmodernisme, sosiale konstruksie-diskoers, narratief-hermeneutiese benadering, magsdiskoers, metafoor en dekonstruksie bespreek. Die *hoe* en die *wat* van menslike kennis in hierdie studie sal deur hierdie bespreking belig word.

Ek kies om hierdie navorsing te doen vanuit ’n postmoderne, sosiale konstruksie-diskoers en ek kies kwalitatiewe navorsing en deelnemende aksie-navorsing as navorsingsmetodologie.

Ek vind my verder gemaklik binne die narratief-hermeneutiese navorsingsbenadering in hierdie navorsingsprojek.

## 2.2 KWALITATIEWE NAVORSING

> Somehow we have lost the human and passionate element of research. Becoming immersed in a study requires passion: passion for people, passion for communication and passion for understanding people. This is the contribution of qualitative research.
>
> (Janesick 1994: 217)

Die navorsingsmetodologie van die sosiale wetenskappe onderskei tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing (Prinsloo 1999:9). Aangesien ek sosiale konstruksie-diskoers gekies het as navorsingsepistemologie, kies ek dan ook om die kwalitatiewe benadering tot wetenskaplike navorsing te volg.

Kwalitatiewe navorsing behels volgens Denzin en Lincoln (1994:4)

> … an emphasis on processes and meaning that are not rigorously examined, or measured (if measured at all), in terms of quantity, amount, intensity, or frequency. Qualitative researchers stress the socially constructed nature of reality, the intimate relationship between the researcher and what is studied, and the situational constraints that shape inquiry. Such researchers emphasize the value-laden nature of inquiry. They seek answers to questions that stress how social experience is created and given meaning.

Ek het kwalitatiewe navorsing en deelnemende aksie-navorsing gebruik omdat ek meer te wete wou kom van die sosiale praxis waar ek as navorser en ’n egpaar deelnemers is in die ko-konstruering van ’n beter verstaan van onsself, mekaar en die realiteite in ons lewens. Die navorsing het ’n verduidelikende en beskrywende karakter.

Omdat navorsing ’n multikulturele proses is kan dit nie bedryf word vanuit ’n neutrale of objektiewe perspektief nie. Wat die Christus-kerk metafoor betref, is dit ’n teks wat in ’n bepaalde kultuurhistoriese en sosiale konteks ontstaan het.

Dit is dus belangrik om te verstaan watter betekenis die teks het vir die skrywer maar ook vir die lesers.

Kwalitatiewe en deelnemende aksie-navorsing funksioneer binne ’n komplekse historiese agtergrond en sal dus fokus op ’n veelheid van metodes. So kan ’n verklarende, naturalistiese benadering gevolg word (Denzin & Lincoln 1994:13)

’n Kwalitatiewe en deelnemende aksiebenadering skep ruimte om etiese vraagstukke, wat ek as terapeut en ander deelnemers na die navorsingsarena bring, te akkommodeer. Dit sluit byvoorbeeld vraagstukke in oor my deursigtigheid ten opsigte van my eie vooropgestelde idees, respek vir die geloofsgemeenskap en respek vir die ander twee deelnemers aan hierdie navorsingsprojek naamlik Jan en Petro.

In hierdie studie word daar nie gepoog om iets te “bewys” nie. Die navorser sal wel samewerkend met egpaar diskoerse in hul lewe dekonstrueer, interpreteer en herkonstrueer of ko-konstrueer. As navorser is ek nie van hierdie proses uitgesluit nie (Roux 1996:19). Daar word in hierdie studie klem gelê op aspekte soos betekenis, konteks, verkenning, insig, begrip, verklaring en interpretasie.

## 2.3 PRAKTIESE TEOLOGIE, PASTORALE TEOLOGIE EN PASTORALE (HUWELIKS-) TERAPIE

Ek posisioneer hierdie navorsing binne die kader van die praktiese teologie en bespreek hier kortliks die begrippe *praktiese teologie, pastorale teologie* en *pastorale terapie*.

### 2.3.1 Praktiese teologie

Pieterse (1990:7) skryf: “In die praktiese teologie word die geloofshandelinge van mense onder die soeklig geplaas. Die klem lê op die term handeling. In die praktiese teologie word die geloofshandelinge van mense bestudeer…. In die praktiese teologie gaan dit vir my om handelinge wat in diens van die evangelie

is, handelinge wat die koms van God in hierdie wêreld dien." Elders beskryf Pieterse (1991:44-46) praktiese teologie as:

> kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie…. Kommunikatiewe handelinge is die wyse waarop mense tesame (met mekaar) gestalte aan hulle lewe gee…. Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie druk dus die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit…. Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie beteken dat gelowiges hulle lewe en optrede deur Skrifbeginsels laat lei.

Louw (1996:23) meld dat die begrip "*handeling*" wêreldwyd ingevoer is om die eiesoortigheid van die vakgebied te omskryf. Dreyer (1997:14) maak die opmerking: "*Hoewel verskillende paradigmas in die praktiese teologie onderskei kan word, vorm die handelingswetenskaplike benadering sedert die sestigerjare* 'n *belangrike paradigma van prakties-teologiese wetenskapsbeoefening.*" Dit gaan dus in die praktiese teologie om die kommunikasie van die evangelie in verskillende situasies met verskillende handelinge (Pieterse 1993:2).

Die uitdaging vir die kerk in 'n postmoderne wêreld is hoe om die evangelie van liefde en omgee aan hierdie wêreld te kommunikeer (Nel 1996:1). Die kerk as instituut en kerklidmate individueel mag hul nooit aan die wêreld onttrek nie. God kom tot mense in hul leefwêreld deur die bemiddelende pastorale optrede van mense wat deur die Gees ingeskakel word in sy werk. Heyns (1995:53) skryf:

> Die samelewing is van groot belang vir die praktiese teologie omdat dit die konteks is waarbinne die praktiese teologie funksioneer. Terwyl die gemeente die ruimte is waarbinne geloofshandelinge beoefen word en waarin gelowiges geskool en toegerus word, is die samelewing die konteks waarbinne die kerk met sy evangeliese praxis bydra tot die bevryding van die mens en die samelewing.

In bogenoemde opmerking kom die raakvlakke vir hierdie navorsing duidelik na vore. Dit is juis die handelinge van veral kerkleiers, pastors en terapeute wat

skynbaar oor baie jare nie daarin kon slaag om bevryding te bring in talle mense se man-vrou-verhouding in die huwelik nie. Ten spyte daarvan dat die kerk in sy kommunikatiewe handelinge soos Woordverkondiging en pastoraat al vir soveel jare die bevryding vir lidmate aankondig vanuit Efesiërs 5:21-33, beleef talle huwelikspare die teenoorgestelde. In plaas daarvan dat dit die koms van die koninkryk van Christus en sy vrede aanbring, blyk dit dat baie huwelikspare eerder onvrede, pyn en frustrasie beleef in die huwelik. Dit lyk of die kerk, wat Efesiërs 5:31-33 betref, dikwels nie daarin slaag om die goeie nuus (evangelie) aan sy lidmate oor te dra nie. In hoofstuk 4 word gekyk na hierdie probleem.

Praktiese teologie kry beslag daar waar die kerk in alle samelewingsverbande lewe. Volgens Louw (1998:56) mag die praktiese teologie nie die sosiale praxis probeer systap nie. Hy skryf "Die heil mag nie geïndividualiseer word buite die sosiale en maatskaplike konteks om nie. Heil impliseer ook 'maatskaplike heil'." Praktiese teologie kry dus daar beslag waar lidmate in die samelewing verantwoordelikheid en aanspreeklikheid aanvaar vir hulle woorde en hul dade. Juis binne die intieme verband van die huwelik lyk dit of die kerk soms met die hande in die hare sit. Hierdie studie wil onder andere ook bepaal hoe Efesiërs 5 en die herinterpretasie daarvan dalk kan lei tot beter verstaan van die man-vrou-verhouding in die huwelik.

Praktiese teologie hoort tuis in die plaaslike gemeente waar die pastor lidmate begelei om verantwoordelik en aanspreeklik in alle samelewingsverbande te lewe. Nogtans hoort praktiese teologie ook in die wêreld. Die wêreld is immers die konteks waarbinne die praktiese teologie funksioneer.

### 2.3.2 Pastorale teologie

Oor pastorale teologie skryf De Jongh van Arkel (1987:6): "Pastoral Theology is that branch of Practical Theology which focuses on caring actions. I therefore do not regard Pastoral Theology as identical to Practical Theology."

Pastorale teologie handel oor die kerk se versorgingsaktiwiteite. Nel (1996:1) stel dit soos volg: "[P]astoral work is the study of the caring actions of the Christian community stemming from practical theology."

In aansluiting hierby skryf Pieterse (1991:44):

> Die pastorale optrede van mense is ’n vertolkende diens wat intermediêr instaan tussen die sprekende Heer in die gewaad van die Skrif en die deelnemers aan die gesprek. God spreek in ons midde deur die vertolking van die Skrifwoorde deurdat Hy die vertolkers in diens neem.

Ook hierdie siening is vir hierdie navorsingsprojek belangrik. Dit is juis die mense wat deur God in diens geneem word om te sê wat die Woord sê, wat uit soveel monde praat. Dikwels is dié wat moet omgee vir mekaar eintlik besig om mense vas te bind en swaar laste op hulle skouers te plaas vanweë ons verwarrende uitleg van God se Woord. Soms lyk dit eerder of die kerk die samelewing se woord verkondig as die bevrydende Woord van God.

Pastorale teologie handel dus oor die kerk se *omgee* in en vir die wêreld. Gelowiges, in hulle omgang met die wêreld, staan in diens van God.

Aangesien die kerk se pastorale sorg ook ’n sosiale karakter dra, het die kerk die verantwoordelikheid om betrokke te raak op alle terreine van die lewe (Nel 1996:5). Die verhouding tussen man en vrou wat in hierdie studie nagevors word is juis een van hierdie samelewingsverbande.

Die kerk het ’n verantwoordelikheid om pastoraal versorgend betrokke te wees in die wêreld deur vir die wêreld en sy mense om te gee. Daarom lê hierdie studie ook op die vlak van die pastorale teologie of pastorale sorg. As pastor en navorser beskou ek my betrokkenheid by die deelnemers aan hierdie studie as pastorale teologie of sorg, omdat dit ’n eerlike poging is om beter te verstaan, sodat daar beter versorg en omgegee kan word, veral ten opsigte van lidmate se huwelikslewe.

### 2.3.3 Pastorale terapie

Met betrekking tot pastorale terapie gee De Jongh van Arkel (1987:8) die volgende uiteensetting:

> Pastoral counselling takes the pastor into the area of human problems and interpersonal tension, (not only explicitly religious problems), where other professional helpers are also working. Counselling is not the prerogative of a single profession. There is a lot of common ground…. Pastoral counselling is a special form of pastoral work. We can distinguish between three forms of pastoral work: mutual care, pastoral care and pastoral counselling.
>
> - Mutual care is the most basic – and most original – form of care and consists of the (usually) spontaneous caring actions among believers toward each other.
> - Pastoral care is organised, supportive ecclesiastical care with the intention of building the congregation…
> - Pastoral counselling is the task of the professional, trained pastor who creates a helping relationship with people experiencing difficulties or problems for which they seek help.

Ek vind veral aansluiting by laasgenoemde aangesien ek myself beter wil bekwaam deur self beter te verstaan wat Efesiërs 5:21-33 sê. Sodoende sal ek beter in staat kan wees om mense in die huwelik te kan begelei tot bevryding en selfverwesenliking.

De Jongh van Arkel (1993:69) gee ook die volgende definisie van pastorale terapie:

> Pastoral therapy is the structured, knowledgeable, attentive conversation with people with problems, who are in problematic circumstances, with the aim of salvation.

#### 2.3.3.1 Terapie as pastorale terapie

In punt 2.3.3 is die term pastorale terapie bespreek. Wat egter nog beantwoord moet word is die vraag: Wanneer is terapeutiese gesprek pastorale terapeutiese gesprek

In die lig van die narratiewe benadering tot pastorale terapie wat ek kies , maak ek slegs paar verhelderende opmerkings.

Soos in narratiewe terapie is die narratiewe pastorale terapie ook geïnteresseerd in mense se individuele sosiaal-linguistiese konstruksies van die self-narratiewe wat hulle lewe konstitueer. Hierdie benadering behels hermeneutiese proses (De Jongh van Arkel 1987, Gerken 1986; Veltkamp 1988; Dill 1996), waarin die pastorale terapeut en die kliënt poog om nuwe alternatiewe self-narratiewe te ko-konstrueer in die lig van God se groter storie (Gerkin 1986, 1991).

Ek stem verder met Botha (1998:159) saam as hy sê:

> *The propium of pastoral therapy lies more in the pastoral therapist's* ***'being a Christian'*** *than in his '****doing rational theology'*** *– although the latter plays a vital role in pastoral therapy.* [Botha se beklemtoning]

Die pastorale terapeut is die een wat in die gesprek verwys na die groter storie van God. Die kliënte kies om hul stories aan pastorale terapeut te vertel in die hoop dat, of met die motief dat, hul storie op een of ander manier verband sal hou met die groter storie van God (Botha 1998). Kliënt vertel dus ander storie aan pastorale terapeut as aan sielkundige. Die kliënt as die verteller en die pastorale terapeut as luisteraar, ko-konstrueer die gesprek as teologiese gesprek – selfs al is die storie van God nog nie eksplisiet deur een van die twee ter tafel gelê nie. Botha (1998:159) vat dit na my mening mooi saam as hy sê:

> *The client's knowledge and hope of the conversational setting as a pastoral setting ( cf. Clinebell 1984:68) and the pastoral therapist's own story as a story coram Deo, and his listening to the client's story in the light of the Greater Story of God* ***inevitably constitute*** *the encounter as a* ***theological*** *encounter. The pastoral therapist*

> *links the story of the client with the Greater Story of God … These theological motives constitute the therapeutic conversations as* ***pastoral*** *therapeutic conversations.* [Botha se beklemtoning]

In die terapeutiese gesprekke wat ek in hierdie studie met die egpaar voer is dit dan ook my benadering.

Verder is dit belangrik om daarop te let dat die teologiese tradisie, deur middel van taal, ook eintlik deelnemer word aan die pastorale gesprek. Deelnemers aan die gesprek dink en praat binne bepaalde teologiese tradisie (Botha, 1998) en is eintlik in gesprek met die teologiese tradisie. So word die tradisie, byvoorbeeld die storie van God, gespreksgenoot in die pastorale ontmoeting.

Ons eie stories word geko-konstrueer deur verskillende kulturele diskoerse wat in kompetisie is met mekaar. Ons teologiese tradisie kan en sal dus ook in kompetisie wees met ons eie kulturele diskoerse (Veltkamp 1988:151).

As terapeute neem ons dus deel aan terapeutiese gesprek met die wete dat mense se lewens gekonstitueer word deur strydende diskoerse of in strydende diskoerse. Per definisie is pastorale terapie dus krities teenoor kulturele diskoerse (Veltkamp 1988:127) en verder is dit per definisie ook krities teenoor ons eie teologiese konstrukte.
So ontstaan daar volgens Veltkamp (aangehaal deur Botha 1998:161) 'n unieke teologie (of etiek) in die pastorale gesprek "… *that could originate there and nowhere else because both the particularity of the situation at hand and the horizon of meaning contained in the Christian story become open to reassessment, reevaluation and reinterpretation."*

Volgens Brueggemann (1993:63) kan die pastorale terapeut nie die uiteinde (resultaat) van die ko-konstruksie proses beheer in postmoderne benadering nie.

Samevattend kan ons dan sê dat die sentrale doel van pastorale terapie is om in gesprek te gaan met kliënte se diskoerse in die lig van God se storie. In hierdie teologiese diskoers word die teologiese tradisie gesien as gespreksgenoot Hoe ek

as navorser pastorale sorg en pastorale terapie beskou word bepaal deur my eie teologie. Vanuit my posisionering binne die postmoderne era kan pastorale sorg beskryf word as hulp wat deur een gelowige aan ’n ander in nood gegee word met die doel om nuwe betekenis te gee aan hul lewens. As ons God se liefde vir alle mense in ag neem, asook die beskouing dat pastorale terapie ’n proses is wat *coram Deo* geskied, volg dit logies dat pastorale terapie ook kan plaasvind tussen ’n pastorale terapeut en ’n ongelowige (Blake 1999:39).

Aangesien hierdie soort terapie deel van hierdie navorsingsprojek uitmaak (hoofstuk 5), lê hierdie studie dus juis op die vlak van die pastorale terapie en meer spesifiek op die terrein van huwelikspastoraat/-beraad.

## 2.4 MODERNE EN POSTMODERNE DISKOERS

### 2.4.1 Diskoers

Volgens Prinsloo (1999:21) is ’n diskoers ’n gesprekproses wat binne ’n sosiale konteks plaasvind. Die klem val nie op woorde se enkelvoudige betekenis nie. Betekenis hou verband met die breër sosiale konteks van die mens se leefwêreld. Diskoers kan ook beskryf word as ’n betekenissisteem in taal, want betekenis kom onder mense tot stand binne die verbande waarin hulle leef, byvoorbeeld sosiale, religieuse, politieke, kulturele en familieverbande.

Freedman en Combs (1996:42) maak gebruik van Hare-Mustin se siening van diskoers as “a system of statements, practices and institutional structures that share common values”. Madigan en Law (1992:33) voeg by “discourse can be viewed to reflect a prevailing structure of social and power relationships”. Aangesien daar in hierdie navorsingsprojek gekyk word na idees en menings soos dit in beide die geskrewe en gesproke taal betekenis kry, stem ek saam met Anderson en Goolishian (1988:375) dat betekenis en sosiale sisteme in en deur dialoog geskep word. Betekenis kom dus deur taal tot stand.

Hare-Mustin (1994) beskryf diskoers as “both the medium and the product of human activities, that is, the way a certain woldview is sustained”. Diskoerse vorm mense se lewens en verhoudings. Die manier waarop mense praat en handel

oor algemeen-aanvaarde en gedeelde beskouings en realiteite, vorm deel van en onderhou heersende diskoerse.

Aan sommige diskoerse gee die samelewing ’n bevoorregte status sodat dit as waarhede mag oor mense se lewens uitoefen (Botha 1998:47-48). Volgens Freedman en Combs (1996:43) word ons lewens en verhoudings deur diskoerse gevorm – “Discourses powerfully shape a person’s choices about what life events can be storied and how they should be storied” (Freedman & Combs 1996:43). In hierdie studie is hierdie siening belangrik omdat diskoerse van mag, onderdanigheid en hoofskap aan die lig kom. Daar word juis gekyk na die invloed van sulke diskoerse op die interpretasie van Efesiërs 5:21-33 en ook na die invloed wat sulke diskoerse op gelowiges se lewens het. Sien as voorbeeld hiervan Alsdurf en Alsdurf se voorbeeld soos aangehaal by 1.3 in hoofstuk 1.

In die konteks van terapie beïnvloed professionele diskoerse beide die ontstaan en die aard van die terapeutiese verhouding. Dit gaan derhalwe nie net oor wat gepraat word nie maar ook wie praat, vanuit watter verwysingsraamwerk en met wie (Dixon 1999:9)

### 2.4.2 Postmoderne diskoers

Kotzé (1992:27) vat die **modernistiese wetenskapsera** kernagtig saam as hy sê dat hierdie tydperk gekenmerk word deur ’n taal van objektiwiteit, empiriese waarneming, kwantitatiewe meting, reduktiwisme en verifieerbare kennis en feite.

Dockery (1995:23) meld dat die modernistiese era min of meer strek vanaf die Franse Rewolusie (1789) tot en met die ineenstorting van Kommunisme tweehonderd jaar later. Die modernisme glo dat die menslike rede in staat is om wetenskaplike onfeilbaarheid en absolute waarheid te bekom. Hierteenoor ontstaan ’n postmoderne lewensfilosofie wat baie wantrouig staan teenoor die modernisme. Muller (1996:55) noem dit “’n diepgewortelde wantroue in die objektiewe waarhede as hoop vir die samelewing”.

Die modernisme met sy klem op objektiewe waarhede, beweer dat verskynsels (soos die huwelik) op wetenskaplike wyse beskryf, verklaar, voorspel en beheer

kan word deur die empiriese feite en teorieë wat die wetenskap voorsien. Die modernisme benader die menslike rede as ontembaar in die oplossing van die wêreld se baie soorte probleme op wetenskaplike, tegnologiese, mediese, ekonomiese, godsdienstige en politieke gebied. Watter probleme daar ook al is, kan volgens ’n modernistiese siening deur die vernuf van die menslike rede, die mens se skeppingskrag en die noukeurigheid van wetenskaplik-versamelde feite opgelos word.

Modernisties gesien kan die huwelik deur die vernuf van die menslike rede werkbaar gemaak word. Die huwelik neem ’n basiese grondpatroon aan wat teenoor die disintegrerende invloede en samelewingsverandering steeds aanpassend geherorganiseer kan word om die huwelik en gesin as lewenseenheid te verseker (Burgess & Locke 1945).

Die begrip **postmodern** dien as sambreelterm waarin, onder andere, post-strukturalisme, dekonstruksie, konstruktivisme en sosiale konstruksie-teorie ingebed lê (Freedman & Combs 1996:14).

Kotzé (1994:20) klaar moontlike verwarring in die terminologie op wanneer sy sê:

***** postmoderniteit verwys na ’n postmoderne era

***** postmodernisme beskryf die kulturele uitdrukking van ’n postmoderne era

***** postmoderne denke verwys na diskoerse of nadenke oor die postmoderne tyd of oor kultuur as geheel.

Teenoor die modernisme geld die postmoderne siening dat kennis sosiale konstruksies is en dat denke en waarhede nooit afgehandel is nie (Pieterse 1993:16). Verandering is onvoorspelbaar; kennis is relatief en dit is onmoontlik om volkome objektief te wees. Kennis is eerder verteenwoordigend as feitelik (De Jongh van Arkel 1987:72-74). Kennis is meervoudig of pluraal van aard (Dill & Kotzé 1997:16). Volgens Jordaan (1996:5-6) is dit in ’n bepaalde sin onmoontlik om die postmodernistiese tydsgees te definieer. Postmodernisme verwerp juis die haalbaarheid van definiëring.

As reaksie op die modernisme, is postmoderniteit ’n bevraagtekening van alles wat tot dusver as waarheid aanvaar en met sekerheid beklee is (Kotzé 1992:28). Volgens Dreyer (1991:241) sou die breuk tussen moderniteit en postmoderniteit die sosiale- en geesteswetenskappe beïnvloed, want dit bevraagteken epistemologiese uitgangspunte. Die postmoderne benadering sien die werklikheid as veelvoudig en meerdimensioneel (Pieterse 1993:16). Dit is ook my uitgangspunt in hierdie studie.

Die postmodernisme bevraagteken “the traditional, western conception of objective, individualistic, historic knowledge – a conception that has insinuated itself into virtually all aspects of modern institutional life” (Gergen 1985:272). Modernistiese denkers is geneig om hulle besig te hou met feite en reëls. Hierteenoor hou postmoderne denkers – met betrekking tot terapie – hulle besig met betekenis (Freedman & Combs 1996:22), meer spesifiek die betekenis wat die kliënt gee aan iets en nie soseer die ekspert-opinie van die terapeut nie. Die kliënt word dus toegelaat om vir hom-/haarself te dink, self te verstaan, eie emosies te beleef soos die kliënt dit goeddink in die skema van sy/haar eie lewe (Freedman & Combs 1996:9). Dit beteken nie dat die terapeut se ervaring en kennis nutteloos is nie. Dit is net nie méér geldig as dié van die kliënt nie (Freedman & Combs 1996:44).

Met betrekking tot navorsing kom daar ruimte vir intersubjektiwiteit (Baker 1994:253). In hoofstuk 4 van hierdie studie – wanneer daar saam met kliënte gesoek word na nuwe verstaan – sal hierdie uitgangspunte toegepas word.

’n Sentrale vraag waarmee die postmoderniste dus worstel is hoe mense hul leefwêreld (insluitend hulself) ken, hoe hulle dit verstaan en beskryf (Gergen 1985:266). In hierdie navorsing is die fokus nie op die (my) innerlike verstaan en weet/ken nie, maar op ’n interaktiewe, samewerkende proses van weet en verstaan tussen al die deelnemers aan hierdie projek.

Die aansluiting by die postmoderne denkwyse het sekere implikasies vir dié studie. Ek stem saam dat kennis relatief en meervoudig van aard is. Daar kan dus nie net ’n enkelvoudige werklikheid wees nie, veral nie oor die huwelik of die rolle van man en vrou binne die huwelik nie. Hoewel al die deelnemers aan

hierdie navorsingsprojek min of meer deel is van die dieselfde breë sosiale konteks, sal hulle dit nie noodwendig op dieselfde wyse beleef en ook nie dieselfde daarop reageer nie. Elke deelnemer aan dié studie sal ’n eie werklikheid en betekenis voeg tot dit wat bestudeer word. Diversiteit en meervoudigheid van kennis sal dus na vore gebring word.

Daar bestaan ook geen neutrale kennis van objektiwiteit nie en waarneming sal altyd subjektief gekleur wees vanuit die waarnemer se verwysingsraamwerk. As deel van die navorsingsgroep sal my eie bydrae subjektief gekleurd wees. Hier sluit ek aan by De Jongh van Arkel (1987:74) – “*because we cannot eliminate ourselves from the picture, there is no such thing as real objectivity*”.

In teenstelling met die modernisme se emansipasie van die individu in sy/haar geïndividualiseerde volkomenheid, is ek van mening dat die mens slegs iets van volkomenheid kan bereik in verhouding met, en in verbondenheid aan, ander mense. Jordaan (1996:5-6) stel dit soos volg: “’n Mens word mens gemaak in gemeenskap met ander – in die kommunikatiewe en dialogiese medeskepping van betekenisse …”. Die mens word by die organiese samehang van dinge ingesluit deur De Jongh van Arkel (1987:74) as hy verklaar: “There actually exists an unbroken wholeness that presents itself to us as webs (or patterns) of relationships.”

## 2.5 SOSIALE KONSTRUKSIE-DISKOERS

Volgens Botha (1998:68) is sosiale konstruksie-diskoers deel van die postmoderne paradigmaskuif. Sosiale konstruksie-diskoers fokus op kennisontwikkeling as ’n sosiale verskynsel. “*Verstaan*” kom net in en deur taal tot stand. Sosiale konstruksie-diskoers lê groot klem op die intersubjektiewe invloed van taal en kultuur. Heel tereg sê Kotzé (1994:33) dat die sosiale konstruksie van kennis, die belang van taal benadruk as ’n sosiale verskynsel, waardeur mense binne verhoudings leef. In navolging van Kotzé (1994:31) verkies ek die term sosiale konstruksie-diskoers verkies bo sosiale konstruksie-

teorie. Die konsep sosiale konstruksie-diskoers poog om ruimte te skep vir die onbepaalde, of dit wat nie *vasgemaak* is nie en wat vir ’n sosiale konstruksie-epistemologie die weg kan baan.

Die sosiale konstruksie-diskoers is slegs een van baie postmoderne diskoerse. Nog ’n postmoderne diskoers waarmee sosiale konstruksie-diskoers soms verwar word is dié van konstruktivisme soos ontwikkel deur Maturana en Varela in die 1980’s. Soos sosiale konstruksie-diskoers fokus konstruktivisme op taal, maar konstruktivisme is ontwikkel vanuit ’n biologiese en individuele perspektief (Simon 1985:34), terwyl sosiale konstruksie-diskoers fokus op die sosiale perspektief. Albei deel egter gemeenskaplike grond – albei wil wegdoen met die idee van ’n objektiewe, kenbare waarheid (Kotzé & Kotzé 1997:29).

Die skuif van konstruktivisme na sosiale konstruksie-diskoers is dus ’n beweging van ’n ervarings- na ’n sosiale epistemologie.

> There is a shift from focusing on how the individual person constructs a model of reality from his/her individual experience to focusing on how people interact with one another to construct, modify and maintain what their society holds to be true, real and meaningful.
>
> *(*Freedman & Combs 1996:27)

Vir die doeleindes van hierdie studie vind ek aansluiting by ’n sosiale epistemologie. Ek beskou myself as ’n terapeut wat deel uitmaak van ’n sub-kultuur wat samewerkend, sosiaal en interaktief, saam met ander besig is om nuwe realiteite te konstrueer wat ons lewenstories verryk (Freedman en Combs 1996:18). Ek vind hier aansluiting by Gergen (1992:27) as hy sê:

Postmodernism asks the scientist to join the hurly-burly of cultural life – to become an active participant in the construction of the culture …. Rather than ‘telling it like it is’, the challenge for the postmodern psycologist is to ‘tell it as it may become’.

Wanneer die deelnemers aan hierdie studie hul verhale aan mekaar vertel, (met ander woorde in taal uitdruk), sal die verskillende verhale en betekenisgewing na

vore kom soos wat dit gekonstrueer is binne hul eie, unieke, sosiale sisteme van onder meer die gesin en kulturele omgewing. Deur middel van reflekterende gesprekke sal daar saam met die ander deelnemers nuwe betekenis en kennis gekonstrueer word.

### 2.5.1 Sosiale konstruksie-diskoers en taal

"We exist in language" (Anderson & Goolishian 1988:377). Taal is 'n dinamiese, sosiale werking wat ook verandering moontlik maak (Kotzé & Kotzé 1997:4-6). Ons verstaan van mense binne 'n gesprek is altyd binne konteks, want verstaan is nooit afgehandel of ewigdurend nie. Verstaan is dus altyd 'n proses, iets in wording, nooit volkome nie (Anderson & Goolishian 1988:381-382).

Hoewel verstaan en betekenis in die gebruik van taal na vore kom (Anderson & Goolishian 1998:377) is taal en betekenis meer as net die gesproke woord. Dit omvat ook handelinge wat betekenis skep. Taal skep betekenis en ons ervaar ook die lewe binne taal. Ek stem saam met Kotzé en Kotzé (1997:5) dat mense die lewe leef en verstaan deur hul gemeenskaplik gekonstrueerde narratiewe werklikhede wat aan hul ervarings vorm en betekenis gee. Ons werklikhede word deur narratiewe gevorm en in stand gehou. Die postmoderne lewensfilosofie sien die mens as 'n narratiewe wese wat in en vanuit bepaalde diskoerse lewe (Gerkin 1986:46). Diskoers, taal en narratief is begrippe wat mekaar deurvleg. Wanneer sekere diskoerse in 'n sekere samelewing bevoordeel word, begin dit as waarhede funksioneer wat mag uitoefen oor mense se lewens omdat hul lewens en verhoudings deur diskoerse gevorm word (Botha 1998:47). Ons lewe volgens Kotzé en Kotzé (1994:5) op 'n narratiewe manier binne diskoerse sonder dat ons daaroor reflekteer. Dié siening blyk insiggewend te wees vir diegene wat al gepoog het om die metafoor van Efesiërs 5:21-33 te verstaan.

Hierdie uitgangspunt is vir die doeleindes van hierdie studie uiters belangrik aangesien daar gereflekteer word oor die dominante diskoerse rakende man- en vrouwees, onderdanigheid en hoofskap, en hoe dit ons lewe en verhoudings (byvoorbeeld die huwelik) gevorm het in die verlede en steeds vorm.

## 2.6 NARRATIEF-HERMENEUTIESE NAVORSINGSBENADERING

Die narratiewe benadering het sy wortels in die sosiale konstruksie- diskoers.

> People are born into stories; their social and historical contexts constantly invite them to tell and remember the stories of certain events and to leave others un-storied.
>
> *(* Freedman & Combs 1996:42)

Die narratiewe benadering omvat die herontdekking van die waarde van die mense se eie deelname en vermoë om medenavorsers te wees in die soeke na antwoorde op hul lewensvrae. Hierdie benadering word ook in hierdie studie gevolg.

Narratiewe terapeute verstaan dat die mens sy/haar lewe leef in stories. Gevolglik is terapie dan ook al beskryf as die "re-authoring" en "re-storying" van handelinge. Vir die narratiewe terapeut bestaan stories uit gebeure, aanmekaar gevleg in volgorde, oor tydgrense heen, "according to a plot" (Morgan 2000:5).

Die mens leef in 'n multi-storie wêreld. Daar is talle stories en ook dikwels meer as een storie oor dieselfde gebeurtenis. Daar bestaan stories oor die verlede, hede en toekoms (Lester 1995:22) en dit behoort aan individue, verhoudings, families, groepe en gemeenskappe. Sekere stories het 'n dominante karakter en gebeure soos wat dit plaasvind, word geïnterpreteer vanuit die dominante storie(s) op daardie tydstip. Dominante stories bestaan nie alleen nie. Daar is altyd alternatiewe stories van hoop, prestasie en sukses maar dit word dikwels oorskadu deur persoonlike, professionele en kontekstuele diskoerse waaruit die mens se lewe bestaan. Al word daar in 'n groot mate in hierdie studie gekyk na die onderdrukkende en negatiewe invloed wat dominante diskoerse gehad het op mense se lewens, is daar ook ander stories wat ontgin moet word in die proses van 'restorying'. Stories van hoop, bevryding, ensovoorts moet dus ook aandag kry.

Michael White en David Epston (1990) het die narratiewe metafoor ontwikkel as 'n terapeutiese hulpmiddel.

Gerkin se narratief-hermeneutiese benadering pas goed in by die narratiewe benadering tot pastoraat soos uiteengesit deur White en Epston (1990). Gerkin (1986:22) gebruik die term "narrative-hermeneutical practical theology" en meen dat twee sake hier van belang is:

- Betekenis wat gegee word aan situasies waarby mense betrokke is en mense se handelinge in situasies is altyd begrond in een of ander narratiewe struktuur.
- Vrae oor hoe hierdie situasies en die mense in hierdie situasies geïnterpreteer word is dus uiters belangrik as ons hierdie situasies wil verstaan en daarop wil reageer. Interpretasie gaan nie net menslike handelinge vooraf nie; menslike handelinge is op sigself uitdrukkings van interpretasies (Gerkin 1986:26).

Gerkin sê verder dat om 'n christen te wees beteken ons moet onsself, die wêreld om ons en die menslike doelwitte sien binne die geïnterpreteerde visie soos dit aan ons gegee word in die temas en metafore van die christelike storie. Hy sê ook dat reflektering, wanneer en waar dit ookal plaasvind, altyd begin by die mens se onmiddellike sosiale konteks (Gerkin 1986:37).

Wanneer ons dus deelnemende navorsing doen vanuit hierdie prakties-teologiese konteks, moet ons ruimte skep vir die herinterpretering van ou interpretasies van die waarheid, binne die huidige konteks van elke persoon wat by ons as pastors aanklop om hulp. Geïnterpreteerde waarheid kan nie toegepas word asof dit geldig is vir alle mense oor alle kultuurgrense en tale heen nie. Elke mens sal vanuit sy/haar eie situasie die waarheid anders interpreteer. Dit blyk ook die geval te wees met Efesiërs 5:21-33.

Volgens Gerkin (1986:52) leef elke mens in 'n verhaal (teks) waarbinne die persoon sin en betekenis vir die lewe konstrueer. Hy verklaar: "To be a person is therefore to live in a story". Hierdie verhaal is egter nie in 'n vakuum gekonstrueer nie. Die individuele is deur 'n reeks groter verhale in die kulturele en spirituele konteks gelokaliseer en ontwikkel. In die narratief-hermeneutiese benadering gaan dit om die *vertel* sowel as om die *verstaan deur interpretasie* van verhale. Soos die navorser Gerkin (1986:60) verstaan, het die praktiese teologie te make met die belewenis van mense in hulle alledaagse bestaanswerklikhede, in

die lig van God se Woord. Hiervolgens is die primêre funksie van ’n hermeneutiese interpretasie “to open a way ahead” (Gerkin 1984:22). Wanneer die mens se verhaal dus uitsigloos is, is dit nodig dat daar deur middel van *interpretasie* van die verhaal in die lig van die Woord gesoek word na nuwe moontlikhede.

Vir hierdie studie is laasgenoemde stelling baie belangrik aangesien dit waarskynlik die weiering/onwilligheid/onvermoë was om waarhede te herinterpreteer, wat gelei het tot misbruike en onderdrukkende praktyke rondom die Christus-kerk metafoor. In hierdie studie sal die nuwe interpretasie van ’n ou waarheid deelnemers help om weg te beweeg van skadelike praktyke in hul verhouding as man en vrou tot mekaar in die huwelik. Tereg sê Haarhoff (1998:129) dat outoritêre politici, godsdienstige leiers, onderwysers en ouers vir té lank aan groepe en individue vertel het wat hulle storie is.

Hierdie navorsingsprojek word dus gedoen vanuit ’n narratief-hermeneutiese benadering aangesien dit ruimte wil skep vir, en respekvol omgaan met alle mense ongeag hul kultuur, taal of godsdiens. Die individu se eie kennis, ervaring en interpretasie van sy/haar leefwêreld en van God, is belangrik. As pastor begin ons dus, met elke persoon wat om hulp aanklop, by die persoon se eie interpretasie en verstaan van sy/haar belewenisse. Hierdie benadering maak ook verdere gesprek moontlik met ander diskoerse, teologieë en belewenisse en dit lei tot nuwe interpretasies. Sodoende kom verandering uiteindelik tot stand.

> Narrative therapy seeks to be a respectful, non-blaming approach to counseling and community work, which centres people as the experts in their own lives. It views problems as separate from people and assumes people have many skills, competencies, beliefs, values, commitments and abilities that will assist them to reduce the influence of problems in their lives.
>
> (Morgan 2000:2)

Hierdie benadering is belangrik vir my navorsing aangesien dit aandag gee aan persoonlike geskiedenis van die deelnemers (sien hoofstuk 5).

## 2.7 METAFOOR

Om die onbekende te beskryf, word metafore ingespan. Metafore verteenwoordig nie die volle werklikheid nie. Dit vertel slegs iets van die werklikheid. Volgens Botha (1998:69-70) is die wese van ’n metafoor om iets te verstaan in terme van ander metafore. Enige diskoers is gevolglik ’n voortgaande, vertolkende, metafoorskeppende proses. Peterson sê:

> The use of metaphor is not a precise use of language; in fact, it is quite the opposite. A metaphor, instead of pinning down meaning, lets it loose. The metaphor does not so much label or define as it does expand, forcing the mind into participating action … Metaphor keeps us from being spectators of language by forcing us to be participants in it.
>
> (Dawn & Peterson 2000:70)

Die funksie van ’n metafoor is om wat redelik bekend is te koppel aan 'n saak wat nie so goed bekend is nie. ’n Metafoor is daarom nie ’n vervanging of substituut van die oorspronklike nie, maar het dikwels die geneigdheid om ’n eie betekenis na vore te bring. Metafore is nie vreemd aan die Bybel nie, want die Bybel praat metafories oor God (De Jongh van Arkel 1987:207).

Volgens Botha (1998:119) word teologiese diskoerse gebou op ‘root metaphors’ en dit weerspieël geloofsverwante realiteite in terme van historiese metafore. Daar is ’n belangrike verband tussen ’n kultuur se veranderende metafore oor die alledaagse lewe en die veranderende metafore in ’n kultuur se teologie (Botha 1998:120). Die mens se verstaan van God verander in verhouding tot die metaforiese veranderinge in sy/haar kultuur.

Postmoderne teologie inspireer die mens om die begeerte/sug na tradisionele sekerhede te laat vaar en opnuut te soek na nuwe betekenis deur middel van dekonstruering van bestaande metafore.

Bosch (1991:483) vat alles mooi saam wanneer hy sê dat hy soek na ’n teologie wat die paradoks kan akkommodeer van “asserting both the ultimate commitment to one’s own religion and genuine openness to other’s”. Hy respekteer dus die

christelike teologiese tradisie terwyl hy terselfdertyd die dialoog oop hou in hierdie pluralistiese postmoderne wêreld. Aanhoudende gesprek tussen verskillende diskoerse, sowel as dekonstruksie daarvan, moet deel uitmaak van ’n postmoderne teologie.

Postmoderne denke leer dat “the onus is on every generation to discover meaning for themselves by means of metaphoric reference” (Herholdt 1998:224). Die Bybel se storie oor God is ’n “open-ended” storie. Dit eindig nie nadat die versameling van tekste afgehandel is nie. “Rather it concerns the activity of God in all of history, a story that continues in the present and is to be fulfilled in the future” (Gerkin 1986:48). Wanneer mense vir terapie aanmeld en uitgenooi word om hul eie geestelike stories te ontgin – “to find alternative spiritual talk” (Andrews & Kotzé 200:330) – kan hulle kom tot ’n nuwe verstaan van en nuwe betekenis ontdek in hulle geestelike belewenisse. Die verwagting is dat dit ook tydens hierdie navorsing sal gebeur veral in Hoofstuk 5.

## 2.8 MAG (*POWER*) DISKOERS

Volgens Foucault (aangehaal deur Freedman & Combs 1996:38) gaan dominante diskoerse hand aan hand met kennis en mag: “The discourses of a society determine what knowledge is held to be true, right or proper in that society, so those who control the discourse control knowledge. At the same time, the dominant knowledge of a given milieu determines who will be able to occupy its powerful positions.”

Wanneer dominante diskoerse/kennis sekere stemme (voices) marginaliseer terwyl dit ander bevoordeel, ontstaan “power/knowledge” verhoudings (White & Epston 1990:19). Vir hierdie studie is dit belangrik aangesien dit juis die gebruik (misbruik) van die Bybel of eksperte kennis van die berader is wat kan lei tot misbruike in ’n terapeutiese situasie. Dit gebeur maklik as terapie plaasvind buite die kliënt se konteks. Sevenhuijsen (1989:140) sê dat as die spesifieke behoeftes van diegene wat pastorale sorg ontvang, geïgnoreer word, “we run the risk of ending up in a position of moral arrogance”.

Vir Foucault (aangehaal deur Freedman & Combs 1996:38) is taal ’n instrument van mag en mense besit mag in die samelewing in direkte verhouding tot hul vermoë om deel te neem aan die diskoerse wat hulle samelewing vorm. Vir Foucault is kennis mag en mag is kennis. Foucault (Du Toit 1997:947) voer aan “truth claims are always inescapably bound up with the epistemic drive for mastery and control, (or especially) where it is masked behind a rhetoric of liberal-humanist values or emancipatory critique”.

Volgens Townley (1994:1) kom drie temas deurgaans voor in Foucault se werk naamlik:

- How we understand or constitute bodies of knowledge and what demarcates one subject from another.
- The relationship between power and knowledge
- How we come to have knowledge of ourselves, and how we conduct our relationships with others.

Vir hierdie navorsing is bogenoemde drie punte belangrik aangesien die kwessie van mag en die misbruik daarvan, een van die hoofredes is waarom ek as navorser hierdie studietema gekies het. Daar word ook gekyk na diskoerse van onderdanigheid en hoofskap, mag en gesag en hoe dit kan lei het tot misbruik binne die huwelike van lidmate in die geloofsgemeenskap.

Vir Foucault is mag nie die fokus nie maar *verhoudings van mag* wat geassosieer word met handelinge, tegnieke en prosedures. Mag is relasioneel (Townley 1994:7) en dit is nie net negatief en repressief nie, mag is ook positief en kreatief.

White ( aangehaal deur Freedman & Combs 1996:39) skryf dat ons geneig is om die dominante narratiewe van ons kultuur te internaliseer en gevolglik maklik te glo dat dit die waarheid praat in verband met ons identiteit. Wanneer kliënte hulp soek by ’n narratiewe pastorale terapeut moet die dominante diskoerse gedekonstrueer word sodat die mag wat dit oor mense se lewens het, verbreek kan word. Dit sal ook my benadering wees, veral tydens die terapeutiese proses soos beskryf in hoofstuk 5 van hierdie navorsingsprojek.

In die sosiale konstruksie-diskoers word klem juis geplaas op *mag/kennis* in verhoudings en die dekonstruksie daarvan. Dit lei volgens Kotzé en Kotzé (1997:42) tot ’n “decentering of a meta-narrative” met betrekking tot terapie/pastorale sorg, leierskap en mag.

Belangrik vir hierdie studie is die feit dat die navorser nie die ekspert hoef te wees nie. Hy moet hom ook nie deur ander laat forseer in ’n posisie van mag waar hy alles weet en al die antwoorde het nie. Die navorser hoef nie al die antwoorde te hê nie. Navorser voel homself gemaklik in ’n sogenaamde “not-knowing”-benadering, veral in terapie waar die medewerkers, naamlik die egpaar, beskou word as die eksperts. Op hierdie manier gee die navorser voorrang aan die kennis, ervarings en stemme van my mede navorsers. Dit lei tot etiese pastoraat waar respekvol met kliënte omgegaan word.

## 2.9 DEKONSTRUKSIE

Dekonstruksie het as literêre en linguistiese analise binne die post-strukturalisme ontwikkel (Sampson 1989:2). Binne die sosiale konstruksie-diskoers is dekonstruksie ’n radikale skeptisisme oor die dominante lewensdiskoerse wat hulself as *lewenswaarhede* aanbied. Dekonstruksie wil die gapings, teenstrydighede, stilswyes en gesagsverhoudings ontleed wat hierdie diskoerse veronderstel. Dekonstruksie is nie vernietiging nie, maar die losmaak en uitmekaarhaal van ’n betekenissisteem om vir alternatiewe verstaan ruimte te maak (Kotzé & Kotzé 1997:7-8). Dit sal deurgaans die benadering wees wanneer ek in hoofstuk 3 tot 5 van hierdie studie die Christus-kerk metafoor en verwante diskoerse dekonstrueer.

*Rekonstruksie* gebeur vir die doeleindes van hierdie studie wanneer gebeurtenisse, voorvalle, verhale en stories in die gedagte opgeroep word, herleef word of oorvertel word. Binne die narratiewe navorsing vanuit die sosiale konstruksie-diskoers sal rekonstruksie altyd die moontlikheid inhou dat mense meewerk om iets *nuuts* te kan voortbring, vorm, aanmekaarsit, saamstel of dan te “ko-konstrueer”.

In hierdie studie word die Christus-kerk metafoor en sekere interpretasies daarvan gedekonstrueer en word daar gekyk na wat hierdie metafoor sê en wat dit nie sê nie. Wat verswyg die metafoor? Is daar enige dominante diskoerse hier ter sprake? Wat is die gevolge daarvan in mense se lewens? Kan iets nuuts voortgebring, gevorm, saamgestel, geko-konstrueer word? Kan dit mense bevry en hulle in staat kan stel om keuses te maak wat beter etiese gevolge het vir hul huwelik en hulle kan help om hul volle potensiaal as gelykes in die huwelik te bereik?

## 2.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het die navorser hierdie navorsingsprojek geposisioneer binne die praktiese teologie en meer spesifiek die pastorale terapie.

Dit is ook duidelik gestel dat die navorser werk vanuit ’n postmoderne paradigma en dat ek my gemaklik voel met die sosiaal-konstruktiewe benadering. Daar is verder gekies vir ’n narratief-hermeneutiese navorsingsbenadering. Dit is daarom byna vanselfsprekend dat hierdie navorsing gedoen is volgens kwalitatiewe navorsingsbeginsels en ook deur deelnemende aksienavorsing te gebruik.

Die navorsingstema, doel en epistemologiese vertrekpunte van hierdie studie vra vir ’n sensitiewe benadering, waarin die belangrike rol wat taal, konteks en magsverhoudings speel erken sal word. Dit vra ook vir ’n benadering wat kennis sal herinterpreteer terwyl dit ook aan eie (local) kennis en belewenis voorkeur gee. Elke mens leef sy/haar eie storie en elkeen se lewenstorie het ’n eie horison van betekenis wat beïnvloed word deur ander betekenishorisonne. Die gelowige mens is voortdurend blootgestel aan transformasie waar nuwe betekenis van die eie verhaal (storie) gevind moet word in die lig van God se verhaal (storie). Dit is ’n voortdurende proses sonder einde en dit geskied in samewerking met ander rolspelers.

Die doel is dus nie om iets te bewys of te vind nie, maar eerder om nuut te verstaan en ’n nuwe storie te ko-konstrueer wat vry is van pyn, probleme en misbruik. ’n Storie waarbinne deelnemers en navorser met die nuwe geïnterpreteerde kennis kan kom tot ’n beter verstaan van hul eie identiteit en

sodoende hul volle potensiaal kan bereik deur die mense te word wat God bedoel het hulle moet wees.